



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Reëls vir die Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid (ITNU)

Verwysingsnommer	9P/9.2.1.6
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Navorsingsondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	20 Junie 2014
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2017
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE/Policies/9P/2.1.6_a



Reëls vir die Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Reëls vir die Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid (ITNU) op 20 Junie 2014 aanvaar.

2 Inleiding

Die doel met die voorsiening van aansporings as 'n strategiese imperatief vir geakkrediteerde navorsingsartikels is om die aantal internasionale publikasies en die algehele publikasie-eenhede binne die Universiteit te verhoog, om personeel te motiveer om gereeld te publiseer, om die gehalte van publikasies te verhoog, en om te verseker dat M- en D-uitsette so veel en vinnig moontlik in publikasies omgesit word.

Die ITNU finansiële toekennings is beskikbaar aan personeellede wat permanent of vir 'n vaste termyn of tydelik in die Universiteit se diens is (en deur die Universiteit vergoed word) en wat gedurende hul aanstellingstermyn (as outeur/medeouteur) bygedra het tot die betrokke jaar se publikasie-uitsette deur middel van navorsingsartikels/boeke/konferensieverrigtinge (of bydraes in hierdie verband) wat kwalifiseer vir navorsingsubsidie soos gedefinieer deur die Departement van Onderwys. Indien 'n nagraadse of postdoktorale student medeouteur is van 'n publikasie saam met 'n personeellid, maar self ook 'n NWU-personeellid is wanneer die ITNU uitbetaal, is die student/personeellid geregtig op sy/haar ITNU-befondsing.

Indien 'n studieleier of studieleiers saam met 'n student publiseer, word die ITNU-berekening vir die betrokke personeellede gedoen sonder om die student as medeouteur by te voeg. Die ITNU-toewysing vir die student word behou, d.w.s. die ITNU-berekening word herhaal, en die student word as medeouteur getel. Indien die student steeds 'n geregistreerde student is wanneer ITNU uitbetaal, kan die Navorsingsentiteit/Skooldirekteur/koördineerder 'n bedrag gelykstaande aan die helfte van hierdie ITNU-toewysing in die vorm van 'n beurs aan die student toeken. Indien die student nie meer in die stelsel is nie, word die ITNU-geld aan die betrokke Navorsingsentiteit of Skool toegewys.

Indien 'n outeur van 'n publikasie te sterwe kom, word die ITNU-fondse aan die betrokke navorsingsentiteit of fakulteit uitbetaal. In so 'n geval is die mede-outeurs (indien enige) en/of naasbestaendes nie geregtig op die ITNU-befondsing nie.

'n Maksimum van vyftig persent van die begrotingstoewysing van die betrokke jaar kan op versoek uit die betrokke uitgawerekening aan die personeellid uitbetaal word, met dien verstande dat die persentasie wat nie gedurende die betrokke jaar geëis is nie, nie in daaropvolgende jare geëis kan word nie. Die oorblywende gedeelte van die toewysing moet vir verdere personeelontwikkeling gebruik word – soos die bywoning van konferensies, lidmaatskappelde vir professionele verenigings of enigiets anders wat daartoe kan bydra om die navorsingsuitsette van die personeellid te verbeter, in ooreenstemming met die NWU se finansiële beleide. Kapitaalitems wat aangekoop word, word as universiteitsbates beskou, wat op die Universiteit se bateregister aangeteken sal word, en die eiendom van die Universiteit sal bly ná diensbeëindiging van die personeellid.

Met die ITNU aansporingsprogram het die Universiteit 'n unieke stelsel tot stand gebring wat dien as stimulering en aanmoediging in 'n verskeidenheid vakgebiede. Die Raad het die program as ontwikkelingsinstrument ingestel, en moniteer die program se graad van sukses deurlopend.

Onderhewig aan die bepalinge ten opsigte van kapitaalitems aangekoop waar 'n personeellid uit die Universiteit se diens tree soos hierbo beskryf, verbeur die personeellid ook enige aanspraak op die balans van sy/haar IREA-begroting in geval van diensbeëindiging; so ook op enige begrotingstoewysing wat vir gepubliseerde werke gemaak sou word.

3 Vertolking

Die reëls vir die berekening van die totale ITNU-aansporing per navorser word gedoen op 'n glykskaal met verskillende gewigte vir eerste, tweede en >2 artikels.

Die nuwe ITNU-gewigte vir 2014 en verder sal soos volg aangepas word:

ITNU betaalbaar vanaf 2014		
Basisbedrag	R8 000	
Kategorie	Gewig	R-waarde
Eerste Plaaslik	1,75	R14 000
Tweede Plaaslik	2	R16 000
> 2 plaaslik	2,5	R20 000
Eerste Internasionaal	4	R32 000
Tweede Internasionaal	4,25	R34 000
> 2 int	4,5	R36 000

Voorbeeld:

Naam	1e plaaslik	2e plaaslik	>2	Totale plaaslike eenhede	1e int	2e int	>2	Totale int eenhede	ITNU Bedrag
NN	0,13	0,17	0,92	1,22	0,07	0,08	1,67	1,82	
Berekening	1	0,22			1	0,82			
	R12 000	R3 520	R0		R24 000	R29 520	R0		R69 040

Hoewel die ITNU-model sekerlik 'n rol gespeel het om die navorsingsproduktiwiteit te verhoog, moet 'n aantal potensiële maar onbedoelde gevolge gemoniteer word. Dit het betrekking op:

- Personeelwerkklading Dit moet liefers hanteer word deur die NWU se Prestasiebestuurstelsel.
- Kwaliteit en kwantiteit uitsette. Die hoë uitset deur enkele individue is nie noodwendig 'n probleem nie; daar kan aanvaar word dat hierdie individue 'n optimale werkswyse gevind het vir samewerking met hul studente (omsetting van M- en D-grade in navorsingsartikels) en medewerkers.
- Om te verseker dat alle werk deur NWU-personeel direk gekwantifiseerde bydraes deur NWU-personeel is.
- In die lig van die verminderende DvHOO-subsidie vir elke geakkrediteerde artikelekwivalent moet die bekostigbaarheid van die ITNU-program gemoniteer en aangepas word wanneer nodig.
- Die risiko van konsentrasie van navorsingsuitsette in 'n aantal individue en/of bestuurstrukture.

4 Reëls

- 4.1 Die Reëls vir die toewysing van ITNU-toekennings moet korrek aangewend word, soos geïllustreer in die voorbeeld hierbo.
- 4.2 Die basisbedrag moet gestel word as 7% van die eenheidswaarde soos jaarliks vasgestel deur DvHOO (afgerond tot die naaste R500)
- 4.3

In 2012 was daar 'n bykomende aansporing vir die omsetting van M- en D-grade in artikels deur studieleiers (anders gestel: 'n potensiële ontmoediging is verwyder).

Indien 'n studieleier of studieleiers saam met 'n student publiseer, word die ITNU-berekening vir die betrokke personeellede gedoen sonder om die student as medeouteur by te voeg. Die ITNU-toewysing vir die student word behou, d.w.s. die ITNU-berekening word herhaal, en die student word as medeouteur getel. Indien die student steeds

'n geregistreerde student is wanneer ITNU uitbetaal, kan die Navorsingsentiteit/Skooldirekteur/-koördineerder 'n bedrag gelykstaande aan die helfte van hierdie ITNU-toewysing in die vorm van 'n beurs aan die student toeken. Indien die student nie meer in die stelsel is nie, word die ITNU-geld aan die betrokke Navorsingsentiteit of Skool toegewys.

- 4.4 Dat die maksimum ITNU-bedrag betaalbaar aan die NWU-outeur vir sy/haar navorsing R350 000 is, waarna die geld óf na die navorsingsentiteit óf na die skool toe gaan waar die persoon werksaam is.
- 4.5 Postdoktorale Genote kwalifiseer, soos personeellede, vir die ITNU-model. Die Navorsingsonderteuningskantoor moet die aanspingskema aktief bevorder onder Postdoktorale Genote.
- 4.6 Kampusrektore moet verseker dat navorsingsuitset in ooreenstemming is met die taakooreenkomste, kwaliteit van uitsette, en dat eienaarskap van werk in orde is. (’n Databasis met die uitsette per individu, kampus, departement, navorsingsentiteit sal verskaf word vir bystand.)
- 4.7 Kampusrektore moet met die hulp van die Navorsingsondersteuningskantoor die rede ontleed vir lae navorsingsuitsette deur so ’n groot aantal akademiese personeel. Enige intervensies voortspruitend uit die ontleding moet geïnkorporeer word in die NWU se Strategiese Plan vir Navorsing, Innovasie en Gemeenskapsverbintenisse.

5 Samevatting

ITNU-reëls sal lei tot:

- Groter aansporing vir eerste publikasies;
- Groter totale uitset vir NWU;
- ’n Breër publikasiebasis.

Original details: Lucas Venter (10935746) RMA SHARE Junie 2014\9P-9.2.1.6_IREA_a.docm
22 July 2014

File reference: 9P/9..2.1.6_a